

## Die grootheid van die Seun van God (OP73)

Heb 1:2b-3

23 Januarie 2022

Laasweek het ons begin om na die openingstelling in die boek Hebreërs gekyk: “In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.” Ons het gesien dat God in twee eras gepraat het: “in die verlede” en “in die laaste dae”, en ook dat God op twee maniere gepraat het: “deur die profete met die voorvaders” en “deur die Seun met ons”. Ons het ook daarvoor besin dat God se spreke “in die verlede” voorbereidend was vir ‘n behoorlike begrip van God se spreke “in die laaste dae”. Boonop het God “in die verlede” baie keer deur baie profete gepraat, maar “in die laaste dae” het Hy egter deur Sy een Seun gepraat. “In die verlede” het God ook op baie maniere deur die profete gepraat. Vandag wil ek dat ons besin oor die baie maniere waarop God “in die laaste dae” deur die Seun gepraat het.

Ons vind dit in Heb 1:2b-3. In hierdie verse het ons een van die aangrypendste beskrywings van die grootheid of die verhewendheid van die Seun. Hier word nie minder nie as sewe aspekte uitgelig om die Seun se grootheid uit te lig. Kan ek hulle kortliks noem: (1) Die Seun is erfgenaam van alles, (2) God het die wêreld deur die Seun geskep, (3) uit die Seun straal die heerlijkheid van God, (4) die Seun is die ewebeeld van die wese van God, (5) die Seun hou alle dinge in stand, (6) die Seun bewerk vir ons reiniging van sondes, en (7) die Seun het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hemel. Kom ons kyk kortliks na elkeen van hierdie sewe stellings:

1. Die Seun is erfgenaam van alles: Dit is so dat ‘n aardse pa tipies sy seun sal aanstel as erfgenaam van sy boedel. En dit is ook wat ons nou hier lees: God, waaronder ons óf die Vader óf die drie-enige God moet verstaan, het die Seun aangestel as erfgenaam. Die erfenis wat die Seun van die Vader verwag, is: alles.

Die feit dat die Seun as erfgenaam aangestel is, is reeds in die Ou Testament aangekondig. In Ps 2:7-8 lees ons dat die Vader aan die Seun volke as eiendom en die hele aarde as besitting sal gee. Dit was dus die besluit van die Vader dat die Seun erfgenaam van alles sal wees. Maar wanneer het die Vader so besluit? 1 Pet 1:20-21 leer ons dat reeds voor die skepping van die wêreld was dit bestem dat die Seun uit die dood opgewek sou word en om aan Hom heerlijkheid te gee. Die feit dat die Seun erfgenaam sou word, is sekerlik deel van hierdie heerlijkheid. Dit was dus reeds so besluit voor die skepping. Kan ek jou herinner aan die gelykenis van die boere en die wingerd in Markus 12, waar ‘n man sy wingerd aan boere uitverhuur het toe hy op reis gegaan het. Na hy herhaalde male van sy slawe gestuur het om sy deel van die oes te ontvang, het hy sy seun gestuur hopende dat die boere hom sou respekteer. Die boere het egter geredeneer hierdie seun is die erfgenaam, en het hom gevolglik doodgemaak, hopende dat hulle die erfenis sou ontvang. Die seun is natuurlik ‘n verwysing na Jesus – en Jesus het dus in hierdie gelykenis ook daarna verwys dat Hy die erfgenaam sou wees.

Maar wat is die erfenis? Wat is dit wat die Seun gaan erf? Heb 1:2 sê: alles, letterlik alles: dit is die ganse aarde, nee die ganse heelal, alles op die aarde en alles in die heelal, al die mense, al die engele, al die magte en kragte en owerhede en noem maar op. Alles. Selfs die nuwe hemel en aarde sal deel wees van Sy erfenis. Die Seun is erfgenaam van alles.

2. God het die wêreld deur die Seun geskep: Daar is verskeie gedeeltes in die Bybel wat hierdie realiteit onderstreep. In Joh 1:1-3 lees ons dat die Seun reeds in die begin by God was en dat alles deur Hom tot stand gekom het – let op: alles. En om seker te maak ons verstaan dit goed, word bygevoeg: “ja, nie ‘n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.” Kol 1:16 onderstreep dit: Deur Hom is alles geskape: alle dinge in die hemel en op die aarde, dinge wat gesien kan word, asook dinge wat nie gesien kan word nie, selfs trone, heerskappye, owerhede en magte. Alles. Let op hoe hierdie vers afsluit: “Alles is deur Hom en vir Hom geskep”. Dit beteken Hy is die Skepper wat alles geskep het, maar ook dat dit vir Hom geskep is, want Hy is boonop ook die Erfgenaam van alles.

Maar leer Gen 1 en ook verskeie ander Bybelgedeeltes dan nie dat God die Skepper is nie? En bely ons dan nie in die Apostoliese Geloofsbelydenis dat God die Vader die Skepper is nie? Ja, natuurlik. God die Vader is die Skepper in die sin dat Hy die skepping geïnisieer het, maar Hy het dit uitgevoer deur die Seun deur wie alles geskep is – ons kom bietjie later terug hierna.

3. Uit die Seun straal die heerlijkheid van God: Die NAV sê dat uit die Seun die heerlijkheid van God straal. Die OAV sê die Seun is die afskynsel van die heerlijkheid van God. Kommentatore is dit eens dat ons hier die beeld van die son en sy strale in gedagte moet hê: Ons is bewus van die son a.g.v. sy strale. Dit is deurdat ons die strale van die son sien en dit voel, dat ons bewus is van die son, dat ons weet die son gee lig en warmte. Pink verwys na ‘n kommentaar van ‘n sekere dr Gouge wat reeds in 1650 geskryf is. Hy het o.a. die volgende opgemerk:
- Die sonstrale is deel van die son – Joh 10:30 sê die Vader en die Seun is een.
  - Die sonstrale bestaan al solank as wat die son bestaan – Joh 1:1-2 sê in die begin was die Seun reeds by God.
  - Die sonstrale kom van die son af – Joh 8:42 sê die Seun het van God afgekom.
  - Die sonstrale maak die son bekend – Joh 1:18 sê die Seun het die Vader kom bekend maak.
  - Die sonstrale verlig die wêreld – Joh 1:9 sê die Seun is die ware lig wat na die wêreld gekom het.

Onthou, laasweek het ons gesien hoe Maleagi 3 die Seun beskryf het as die Engel van die Verbond. Ons het daarvoor besin dat Jesus die boodskapper is wat die Vader en die Nuwe Verbond aan ons kom bekend maak het. Hier het ons weer ‘n soortgelyke beskrywing: Jesus straal die heerlijkheid van God uit. Hy kom maak die heerlijkheid van God aan ons bekend.

Dink vir ‘n oomblik aan die heerlijkheid van God wat die tabernakel of die tempel wat Salomo gebou het gevul het. Dit was ‘n bewys God was in die midde van die volk. Die Seun doen dieselfde – Hy is Immanuel, God met ons, en Hy straal die heerlijkheid van God uit.

4. Die Seun is die ewebeeld van die wese van God: Dit is die bewoording van die NAV en die DAV. Die OAV sê die Seun is die afdruksel van die wese van God. Kommentatore sê ons moet hier die beeld van ‘n stempel wat in ink gedruk word en daarna gebruik word om op ander dokumente ‘n afdruksel of getroue beeld van die oorspronklike stempel te druk, in gedagte hê.

Wie is dit wat ‘n getroue afdruksel, of ‘n getroue beeld, ‘n ewebeeld, van die wese van God kon gee? Geen mens kan dit doen nie, selfs nie eens die Ou Testamentiese profete

nie. Selfs engele kan dit nie doen nie. Hoekom nie? Want 1 Tim 6:16 leer ons dat God in ontoeganklike lig woon. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Genadiglik leer Kol 1:15 ons dat die Seun egter die beeld van God is, die beeld van God wat self nie gesien kan word nie. Trouens, Kol 2:9 leer dat in die Seun is die volle wese van God beliggaam. Dit is eenvoudig verstommend: Ons kan eenvoudig nie God sien nie – nie net omdat Hy Gees is en dus nie met ons fisiese oë gesien kan word nie, maar die feit van die saak is: God is net te groot en te heerlik vir ons – ons is te sondig, en verder is ons begrip te klein om Hom te kan bevat. Maar ons kan die Seun sien – Hy is ‘n mens soos ons en Hy het hier op aarde kom woon. Die wonderlike is egter: Hy is ‘n getroue beeld van die wese van God! Hy is ‘n ewebeeld van God! Hy is ‘n beliggaming van die wese van God!

Maar, vra jy, kan dit werklik waar wees? Immers, God is ewig. Hoe kan Jesus ‘n getroue beeld wees van God wat ewig is? Het Hy dan nie gesterf nie? Ja, Hy het. Maar let op hoe Hy gesterf het: Hy het Sy lewe gewillig neergelê, en dit daarna weer opgeneem – en nou leef Hy ewig. En terselfdertyd het Hy deur Sy sterwe gewys hoe lief God die wêreld het, hoe regverdig God is deurdat Hy eerder Sy Seun sal straf as om sonde ongestraf te laat, hoe genadig Hy is om hierdie geregtigheid aan gelowiges toe te reken.

Ja, vra jy, maar God is tog volkome vergenoegd in Homself en het geen behoefte aan enigiets nie. Daarteenoor het Jesus honger en dors geword. Dis tog nie ‘n getroue beeld van God se wese nie? Wel, onthou hoe Hy wonderbaarlik 5000 gevoed het. Onthou hoe Hy die wind en die golwe en die storm stil gemaak het. Dit is ‘n getroue beeld van wat God doen – dit is wat Sy wese is: Hy voorsien in die behoeftes van mense, Hy voorsien deur die natuur aan die fisiese behoeftes van mense. Die Seun het dit gewys en is dus ‘n getroue beeld van God se wese.

Ja, maar God is Here van alles, terwyl Jesus soos ‘n skaap ter slagting gelei is! Is dit ‘n getroue beeld van God! Wel, onthou jy hoe die wat Hom gevange kom neem het die aand voor die kruisiging teruggedeins en op die grond geval het toe Hy vir hulle gesê het “Dit is Ek” (Joh 18:6), onthou jy hoe selfs die offisier aan die voet van die kruis op die ou end moes erken: “Hierdie man was werklik die Seun van God” (Mark 15:39). En terwyl dit alles aan die gebeur was, het Jesus ‘n misdadiger aan die kruis langs Hom gered en vir Hom gesê: “Vandag sal jy saam met My in die paradys wees”. Sien jy die wese van God? As selfs ongelowige soldate moes erken Hy is die Seun van God, as selfs ‘n ter dood veroordeelde misdadiger deur die Seun gered is, is Hy tog ‘n getroue beeld van die wese van God!

5. Die Seun hou alle dinge in stand: Nie net is die Seun die erfgenaam van alles nie, nie net is Hy die Een deur wie God alles geskep het nie, Hy is boonop ook die Een wat alles deur Sy magwoord, d.w.s. wat deur Sy kragtige woord, alles in stand hou. Kol 1:15-16 het reeds bevestig dat Jesus die beeld van God is, dat God deur Hom alles geskep het en dat alles ook vir Hom geskep is, m.a.w. dat Hy ook die erfgenaam van alles sal wees. En dan voeg Kol 1:17 ook nog by dat die Seun alles in stand hou.

Dit beteken die Seun is in beheer van alles: van die wind en die golwe, van alle gebeure in die natuur, van alle gebeure in die geskiedenis, van siektes en pandemies, van politieke gebeure, van al die gebeure in elke persoon se persoonlike lewe, selfs van die einde van elke persoon se lewe, Hy kan selfs dooies uit die dood terugbring, Hy is selfs in beheer van demone. Hy is in beheer van alles.

Maar leer Mat 10:29 dan nie dat geen mossie op die grond sal val sonder die wil van die Vader nie? Is dit nou die Vader of die Seun wat alles in stand hou? Wel, dit is soos met die skepping. Die Vader het die skepping geïnisieer, en dit uitgevoer deur die Seun. Netso onderhou die Vader alles, maar Hy doen dit deur die Seun. Sien jy, selfs hierin is die Seun 'n getroue beeld, 'n afdruksel van die wese van God. Die Seun doen wat God wil, en so word die wil van God, wat tog 'n uitbeelding is van die wese van God, deur die Seun duidelik gemaak.

Lees Ef 1:11. Uit hierdie vers is dit duidelik dat alles gebeur volgens die raadsbesluit van God. Dit is belangrik om te onthou as ons dink oor die feit dat God alles in stand hou deur die Seun. Dit beteken dat die Seun nie maar net alles in stand hou nie soos wat ek my huis instand hou nie. Na 10 jaar van behoorlike instandhouding is my huis steeds dieselfde as 10 jaar gelede. Nee, die Seun hou alles in stand volgens die raadsbesluit van God. En daar is 'n hele plan in God se raadsbesluit wat konstruktief heen werk na God se verborge bedoeling met alles (Op 10:7). En die Seun hou alles op koers om by daardie verborge bedoeling te eindig!

6. Die Seun bewerkstellig reiniging van sondes: Dit is natuurlik die rede waarom die Seun mens geword het – sodat Hy reiniging van sondes kon kom bewerk. As ons in die lig lewe soos wat die Seun die Lig is, word ons deur die bloed van die Seun gereinig van ons sondes (1 Joh 1:7), of soos wat 2 Kor 5:21 dit uitdruk: Die Seun is vir ons tot sonde gemaak, sodat ons die geregtigheid van God kan word (OAV).
7. Die Seun het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel: Hierdie is 'n verwysing na die verhoging van die Seun na Hy Sy werk hier op aarde afgehandel het – soos wat Fil 2:9 daarna verwys: God het Hom tot die hoogste eer verhef. Die “Majesteit” is natuurlik God die Vader, en die posisie aan Sy regterhand is 'n posisie wat mag simboliseer. Let ook daarop dat die Seun gaan sit het. Daar is ook simboliek in die feit dat Hy sit: Dit simboliseer die waardigheid van die Seun, asook dat die offer wat Hy gebring het onvoorwaardelik deur die Vader aanvaar is. Verder wys dit ook dat Sy eenmalige offer Sy versoeningswerk afgehandel het en dat Hy daarom nou kan rus van hierdie werk – soos Hy aan die kruis verklaar het: “Dit is volbring” (Joh 19:30). Heb 10:11-12 bevestig dit, en in vers 14 word gesê: “Deur die één offer het Hy die wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak.”

Kom ons som dit op: In hierdie eerste paar verse van Hebreërs het ons 'n kompakte beskrywing van hoe heerlik die Seun is. Onthou die skrywer wil juis vir die Hebreërgelowiges oortuig dat hulle moet volhard in hulle Christelike geloof – en dit is juis die Seun wat die fokuspunt is van hulle geloof, wat hulle geloof onderskei van die Joodse geloof. Daarom verwys hy na verskillende maniere wat die verheerlikheid en die heerlijkheid van die Seun uitlig.

Ons kan die sewe aspekte wat hy uitlig soos volg opsom:

- Die Seun is ver verheerlik bo die ganse skepping – want Hy is die Een deur wie die Vader alle dinge geskep het: sienlike en onsienlike dinge, letterlik die ganse heelal. Verder is Hy ook die Een deur wie die Vader dit alles in stand hou en dit alles gebruik om Sy verborge bedoeling met alles te bereik. Hiervoor gebruik Hy gebeure in die natuur, in die geskiedenis, in die persoonlike lewens van elke persoon. Boonop is Hy ook die Erfgenaam van dit alles, Hy is deur die Vader aangestel as Erfgenaam van alles.

- Die Seun het 'n unieke en intieme verhouding met God: Uit Hom straal die heerlijkheid van God – net Hy kan die heerlijkheid van God uitstraal, want Hy is die Een wat die naaste aan die Vader is. Trouens Hy is 'n afdruksel, 'n stempel, 'n ewebeeld, 'n akkurate beeld van die wese van God. Die wese van God sou vir ons onbekend gewees het as dit nie was dat die Seun dit vir ons kom wys het nie. Daarom moet ons soveel erns maak om die optrede en lering van die Seun te verstaan – dit wys vir ons die wese van God!
- Die Seun het 'n unieke en absoluut essensiële rol wat Hy vir gelowiges vervul het: Hy is hulle ware Hoëpriester wat hulle gereinig het van sondes. Anders as in die Ou Testament het Hy dit bewerk deur Sy één offer te bring wat hulle volmaak reinig en wat hulle vir altyd reinig. Hierdie offer was so volmaak dat Hy daarna gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit in die hemel.

Dis hoe heerlijk die Seun is! Ons kan ook op 'n ander manier na hierdie eerste 3 verse kyk:

- Die Seun is dié ware Profeet deur wie God in die laaste dae gepraat het. Toe Hy gekom het, het Hy die heerlijkheid van God uitgestraal, en Hy was 'n ewebeeld, 'n afdruksel, van die wese van God wat sodoende God aan ons kom bekend maak het.
- Die Seun is ook die Opperkoning wat in beheer is van alles: Deur Hom het God letterlik alles geskep, deur Hom hou God letterlik alles in stand, en Hy is deur God aangestel as Erfgenaam van letterlik alles.
- Die Seun is ook die ware Hoëpriester wat deur Sy één offer alle gelowiges volkome gereinig het van hulle sondes vir altyd. Hierdie offer was so volmaak dat Hy daarna gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit, die Vader, in die hemel.

Die Seun is die ware Profeet, die Opperkoning en die ware Hoëpriester!

### Implikasies

Ek wil graag twee implikasies hiervan vir ons as gelowiges uitlig:

- Lees Kol 3:1-2. Paulus se argument is dat as ons gelowiges is, is ons saam met Jesus uit die dood opgewek. En die gevolg hiervan is dat ons moet dink, moet besin oor wat met ons aan die gebeur is. Paulus sê: Soek of strewe na die dinge wat daarbo is – daar waar Christus is, waar Christus aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op daardie dinge. Dit sluit hierdie dinge waarvan die Hebreërskrywer praat, in.

Pink en Andrews skryf in hulle kommentare oor die implikasies hiervan vir ons. Dit kom min of meer op die volgende neer: Natuurlik moet ons oor al hierdie dinge lees – veral in die Bybel, maar ook weier. Natuurlik moet ons verskillende gedeeltes in die Skrif wat hieroor handel, vat en dit met mekaar vergelyk. Natuurlik moet ons hieroor bid om dit behoorlik te begryp en verstaan. Maar dan sê hulle: Dit is absoluut noodsaaklik dat ons ook hieroor sal mediteer, hieroor sal dink – werklik ons gedagtes hierop sal rig. Ja, jy kan en moet lees. Maar jy moet ook gaan dink. Dink oor hoe groot die Seun moet wees om die Skepper, Onderhouer en Erfgenaam van alles te wees, terwyl Hy terselfdertyd die heerlijkheid van God uitstraal en 'n afdruksel is van die wese van God, en boonop het Hy ons volkome van sondes gereinig, en nou sit Hy aan die regterhand van die Vader. Jy moet hieroor gaan dink tot dit jou oorweldig, tot jy in absolute verwondering staan, tot jy bewe van opgewondenheid oor hoe groot en verhewe die Seun is.

As jy daardie punt bereik het, dan is jy gereed om te “worship”, om God werklik te aanbid en te verheerlik oor Sy Seun. As jy diep onder die indruk is van die heerlijkheid van die Seun,

begin jy iets verstaan van daardie lofprysings waarvan ons op verskeie plekke in die boek Openbaring lees, dan begin jy 'n verlange ontwikkel om ook daar te wees en saam met die vier lewende wesens, die 24 ouderlinge en die miljoene der miljoene engele die heerlijkheid van God te besing.

- As jy 'n diepgaande oortuiging en verwondering ontwikkel het oor hoe heerlik die Seun en Sy werk is, dan bring dit vir jou sekuriteit selfs in hierdie lewe. Dan begin die woorde van Paulus in Rom 8:33-39 sin maak. As jy werklik waardeer hoe verhewe die Seun is wat juis die wese van God kom bekend maak het, as jy werklik waardeer dat God se wese, wat die Seun kom bekend maak het, gekenmerk word deur die feit dat Hy liefde is, dan is jy gereed om ook in moeilike tye vas te staan in verwondering dat werklik niks ons van Sy liefde kan skei nie.

Mag ons as gelowiges hierdie verwondering, vreugde en sekuriteit ken – omdat ons ons verdiep het in die heerlijkheid van die Seun, wat 'n afdruksel is van die wese van God!